Paasfees – tyd om te beléef!

***Hardus van Niekerk** is leraar van die gemeente Middelburg-Suid.*

Paasfees is en sal altyd in gelowiges se lewe ’n besondere rol speel. Dit is immers tydens Paasfees wat die kruisiging en opstanding van Jesus Christus herdenk word.

In ons gemeente ondervind ons dat die talle skoolaktiwiteite wat in Paastyd aangebied word, en die feit dat Paasnaweek gewoonlik in die skoolvakansie val, dit moeilik maak om jongmense oor die Paasnaweek te bereik. Tog is Paasfees ’n tyd waar jongmense die verlossing van Christus op ’n besondere manier kan ervaar.

Die aanloop tot Paasfees

Veral omdat dit langnaweek is, is dit belangrik om groter klem op die aanloop tot Paasfees te lê. Op dié manier word dit ook vir jongmense wat nie tydens die naweek in die gemeente is nie, betekenisvol.

In ons gemeente word daar geruime tyd reeds ’n passiespel aangebied. Ter voorbereiding het ons verlede jaar die hele spel in vier dele gedeel. Die drie Sondagaande vóór Paasfees is die eerste drie dele aangebied. Die laaste deel – wat die kruisiging en opstanding uitbeeld – was op die Donderdagaand voor Goeie Vrydag. Ons laat tieners die rolle van onder meer soldate, diensknegte en dansers speel. Só beleef jongmense die gebeure eerstehands. Die aand word met nagmaal afgesluit.

As alternatief kan jongmense mimiek of tonele uitwerk wat verskillende fases van die lydensweg uitbeeld. ’n Lied soos “We are the reason” (David Meece) kan baie sinvol gebruik word. “Kyk na die Lam” van Jan de Wet is ook pragtig, alhoewel die oorspronklike Engelse weergawe “Watch the lamb” van Ray Boltz dalk beter by die tieners aanklank sal vind. Wissel dit af met klein toneeltjies wat hierby aansluit.

Gebruik die tieners met die mimiek en tonele tydens die eredienste of jeugdienste vóór Goeie Vrydag. Die predikant kan dit aansluitend by die prediking gebruik. Ander toepaslike musiek is: “Nothing but the blood of Jesus” (Hillsong) of “Above all” (Michael W Smith).

Donderdagaand in Groot Lydensweek

Hierdie aand bied ’n goeie geleentheid om nagmaal te vier. Gesinne wat tydens Paasnaweek weggaan, kry só die geleentheid om steeds Paasfees te ervaar. (’n Blaadjie met riglyne waarvolgens ’n gesin Paasfees kan vier selfs terwyl hulle op vakansie is, is dalk ’n goeie idee.)

Rig die Donderdagaanddiens rondom gesinne in, waar ’n gesinsnagmaal sinvol aangebied kan word. Gebruik die tieners se mimiek en toneelgroepe tydens hierdie erediens.

Goeie Vrydag

’n Geleentheid – Donderdagaand of Vrydagoggend – moet geskep word waar elkeen met sy of haar eie persoonlikheidstyl ’n ontmoeting met die Here kan hê. Indien daar Donderdagaand ’n erediens met nagmaal was, kan die jongmense (en selfs die volwassenes) Vrydagoggend (Goeie Vrydag) ’n geleentheid kry om stil te word. Dit kan ook Donderdagaand gebeur, indien die gemeente verkies om hulle erediens op Goeie Vrydag te hou.

Die beginsel: God het elke mens uniek gemaak. Elkeen het ’n eie persoonlikheid en ervaringsvlak en beleef sy of haar emosies op ’n unieke manier.

Ons aanbid dieselfde God, maar op verskillende maniere. Ons kommunikeer ook verskillend. Daarom is daar ook vir elkeen ’n unieke manier hoe om hom- of haarself voor die Here verootmoedig. Een persoon mag dalk God in stilte ontdek; ’n ander is meer prakties en ontdek God deur met iets skeppends besig te wees.

Om hierdie uniekheid van die skepping te vier en elkeen geleentheid te gee om God op ’n unieke manier te verheerlik, kan Goeie Vrydag die ideale geleentheid vir persoonlike verootmoedigings wees.

> Paasfees is ’n tyd waar jongmense die verlossing van Christus op ’n besondere manier kan ervaar.

Die praktiese inrigting van “stil” Goeie Vrydag: Lidmate kan enige tyd binne vasgestelde ure na die gemeente se kerk of kerksaal toe kom. Rig verskillende verootmoedigingsplekke in.

Lidmate gaan op hulle eie tyd na ’n spesifieke stasie wat by hulle persoonlikheid en aanbiddingsbehoefte pas. Hulle moet die vryheid hê om soveel tyd as wat hulle wil by ’n stasie deur te bring, of aan te skuif na ’n ander stasie indien hulle dit verkies. ’n Inligtingstuk kan lidmate met hierdie verootmoedigingsreis help.

Watter punte word ingerig?

- *Stilte en Gebed:* By hierdie stasie word veral voorbidding gedoen. God word hier verheerlik en om genade gesmeek. ’n Lys word gehou waarop gebedsversoeke neergeskryf kan word. Gebedsversoeke wat vooraf ontvang is, word voor die tyd daarop ingevul.
- *Die Woord:* Vir diegene wat God op hierdie oggend in die Woord wil ontdek, is daar ’n stasie waar verskillende Bybel-

vertalings beskikbaar is. Elkeen kan dus na hartelus lees, verskillende vertalings met mekaar vergelyk en Bybelstudie doen. Digbundels en ander boeke kan ook by hierdie stasie geplaas word.

- *Musiek:* Vir lidmate wat musiek as passie het, word 'n geleentheid geskep om God in musiek te ontdek. Omdat daar verskillende musiekgenres en -smake is, word 'n verskeidenheid musiek gespeel.
- *Praktiese punt:* Hierdie stasie is veral vir praktiese en kreatiewe lidmate. Daar moet verskillende materiale en instruksies beskikbaar wees waarmee 'n klein item gemaak kan word. Indien iemand beskikbaar is om 'n bietjie hulp en leiding te gee, kan dit tot die effektiwiteit van die oefening bydra.

Elkeen wat by dié stasie aandoen, vervaardig self 'n item en neem dit saam – moontlik as 'n geskenkie vir 'n onwaarskynlike persoon ter herdenking van die kruisiging van Jesus Christus: 'n petroljoggie, blommeverkoper, 'n vriend wat twyfel – of hoe die Here ook al lei.

- *Visuele punt:* Vir diegene wat God deur visuele beelde ontdek, is daar 'n stasie waar 'n reeks beelde en foto's mekaar herhaal. 'n PowerPoint-aanbieding of videogreep[1] waar die boodskap van God se plan met die verlossing en die herstel van die wêreld duidelik na vore kom, kan gebruik word.

Paasfees – geleentheid tot diensbaarheid

Gebruik die geleentheid om die jongmense wat oor die naweek tuisbly die opOFFERing van Christus te laat ervaar.

Ons gemeente lê naby die N4-hoofweg na die Laeveld. Dit bied die ideale geleentheid vir 'n Paasnaweek-uitreik. In samewerking met 'n vulstasie op die hoofweg beman die jongmense 'n kraampie. Hulle deel koeldrank uit, speel met die reisigers se moeë kinders, deel blaadjies uit met kort stories vir die langpad of hou poppekaste.

Die jeugorkes en dansgroepe kan ook hier optree. Met 'n klein bietjie kreatiwiteit kan enige gemeente 'n geleentheid raaksien om in die gees van die offer van Christus met Paasfees uit te reik.

Mag Paasfees 2011 vir elke gemeente se jongmense 'n hoogtepunt en belewenis in die kerklike jaar wees!

1 Daar is verskeie sinvolle videogrepe op *youtube* wat die gebeure van die tien plae tot by die trek uit Egipte wys. Dit gee 'n goeie aansluiting om die lyn van die pasga na die nagmaal te trek, asook van verlossing uit Egipte na verlossing van sonde deur Christus (of anders gestel: van die paaslam na die offer van Christus). Gebruik *youtubekeep.com* om videos van *youtube* na jou rekenaar af te laai.

Teen my sin en beterwete

Teen my sin en beterwete
Kantaantekeninge oor preek en preekmaak

Redakteurs: Deon Bester, Johan Cilliers en Ian Nel
Prys: R99,99
Daar is talle uitdagings wat in die prediking verreken moet word:
- digitale kommunikasie;
- groter klem op die visuele; en
- globalisering van idees.

In hierdie lekkerlees-boek vind jy 18 uiteenlopende predikers se preekpraktyke.

Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: 0860 26 33 42
E-aankope: www.bybelmedia.co.za
BM BYBEL-MEDIA